Harmonie OORD
TUISTE VIR BEJAARDES

"Skuiling in die Stad"

www.harmoniepark.co.za

Mei 2019

Harmonie Oord tuiste vir bejaardes verskaf 'n veilige blyplek vir ouer persone met 'n beperkte inkomste

VOEDSAME ETES DANKSY ONS D0NATEURS

Harmonie Oord is 'n veilige blyplek in Sunnyside vir ouer persone bo 60 jaar met 'n beperkte inkomste.

Danksy wonderlike donateurs kan ons 6 dae 'n week 'n ontbyt gee en ook 7 dae per week 'n gesonde middagtete. Die inhoud van die etes word bepaal deur donasies ontvang.

Ons is tans bevoorreg om sekere basiese dienste soos die volgende ook aan ons inwoners te kan lewer:

- Maatskaplike dienste
- Vervoer na die hospitaal 2 dae per week.
- Kliniekdiens deur 'n mediese dokter 2 keer per maand.
- 'n Biblioteek wat deur ons inwoners beman word.
- Dienssentrum met baie aktiwiteite op die perseel.

Kom kuier vir ons by 125 Steve Biko Straat, Sunnyside, Pretoria

Donasies van toiletpapier, maalvleis, suiker, speserye, eiers, melkpoeier,rys, hoedervleis en pinegel kan ons tans baie help.

Huidige minimum tariewe afhangede van inkomste:

- Enkelkamer R1 550
- Dubbelkamer R2 670

Kontakbesonderhede:

Tel nr: 012 440 3137

Faks: 086 641 5767

Epos:

adminho@harmoniepark.co.za

bestuurder@harmoniepark.co.za

Help asseblief ons een hysbak is stukkend

'n Groot terugslag het Hamonie Oord verlede week getref. Ons het **190 inwoners** en die een hysbak het gebreek. Ons hysbakke is kleiner as die normale hysbakke. **Met net een werkende hysbak** is dit 'n groot krisis.

Ons inwoners het die afgelope tyd begin verswak en baie loop met karretjies. Ons het tans ook 'n paar inwoners wat rolstoele gebruik. Ons gebou het 7 verdiepings en ons eetsaal is op die 1ste vloer.

Versorging vir ouer persone met net 'n SASSA pensioen as inkomste, is net nie beskikbaar nie. Tans is die mediese dienste by die staatshospitale baie swak. Ons kan nie bekostig dat ons inwoners val, seerkry of verswak nie.

Die koste vir die herstel van die hysbak beloop R50 000. Die styging in munisipale heffings het al ons surplusfondse opgeslurp. Ons het nie voldoende fondse om die hestelwerk ten volle te kan betaal nie.